

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 40: Balak (בלק) – Balak

Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra'el aan die Emoriete gedoen het.
Num. 22:2 – PWL¹

Torah : Numeri 22:2 tot 25:9

- ❖ **Num. 22:12** – 'n Handleiding vir die Lewe.
- ❖ **Num. 22:2 tot 19** – Bileam 'n wêrelds (sekulêre) profeet.
- ❖ **Num. 22:12** – Want Hulle is Geseënd.
- ❖ **Num. 24:9** – Die Leeu Wat Gaan Lê Het!

Haftorah: Miga 5:6 tot 6:8 – Wat verwag YHVH van ons?

Hernieude Verbond: Matt. 24:11, 24; 2 Pet. 2:1 tot 22; Judas 11; Open. 2:14 en 15.

Indien jy integriteit het, maak niks anders saak nie. Indien jy nie inetegriteit het nie, maak niks anders saak nie – Allan Simpson

Some of the greatest satanic activity in the end times will take place in the pulpit – Dwight Pentecost

The Holy Spirit did not come to make them of one accord. He came because they were of one accord... It is not the music that tunes your piano; it's the tuned piano that makes your music.
- A.W. Tozer

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Midrash

Num. 22:12 – ‘n Handleiding Vir Die Lewe

Toe sê God vir Bileam: Jy mag nie saam met hulle trek nie... Num. 22:12

Met die lees van hierdie week se parashah kan ons wel vra: Het Bileam dan nie van beter geweet nie? Het hy dan nie geweet wat YHVH se wil is nie? Die gevolgtrekking wat ons kan maak is dat Bileam nie Torah geken het nie en dus nie daarvolgens gelewe het nie! Miskien het hy wel YHVH se onderrig geken, maar het hom nie daaraan onderwerp nie! Die feit is: Hy het nie YHVH se Torah as die handleiding vir sy lewe gebruik nie!

Die Torah is ons handleiding vir die lewe hier op aarde. Dit is YHVH se onderrig en instruksies hoe om as geregverdigde deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal in die regte verhouding met Vader-God te lewe. Torah is die handleiding wat die Afgesonderde Gees gebruik om ons gedagtes, woorde en dade voortdurend te vernuwe om sodoende meer gelykvormig te word aan die beeld van YHVH ons Skepper-God en soos wat deur Yeshua, die vleesgeworde Torah, gedemonstreer was.

Die Torah is die onderrig en instruksies wat die volgende drie areas van elke mens se lewe aanspreek:

- ❖ Die verhouding tussen die mens en YHVH.
- ❖ Die verhouding tussen die mens en sy medemens.
- ❖ Die verhouding van die mens met homself / haarself, naamlik elkeen se selfbeeld.

Aangaande die Torah skryf Paulus ondermeer die volgende:

Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue, maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie. Gal. 3:24 en 25 – PWL.

Die agtergrond tot hierdie twee teksverse moet eerstens verstaan word alvorens die korrekte verklaring daarvan gegee kan word.

Toe Paulus hierdie brief aan die Galasiërs geskryf het, was dit die gebruik by die meer welgestelde huishoudings dat die Vader sy seun(s) in die sorg van 'n betroubare slaaf (dienskneg) geplaas het wat die seuns(s) orals vergesel het. Een van die baie belangrike take was dan om die seun(s) daagliks by die skool te besorg om die nodige onderrig te ontvang. Hierdie slaaf was die tugmeester (Grieks: *paidagōgos*) wat die seun na die leermeester (onderwyser) vergesel het. Die slaaf kon wel assisteer in die onderrig van die seun. Dit was egter nie sy hooftaak nie, maar wel om oor die seun(s) te waak dat hulle nie deur versoeking verkeerde dinge aanvang nie en dat die seun(s) die nodige onderrig ontvang.

In die lig hiervan kan Gal. 3:24 en 25 nou verstaan word. Die wet vervul dus die rol van die tugmeester deurdat hy die seun (die erfgenaam) na Yeshua (die Leermeester) vir onderrig neem. Torah begelei ons dus na Yeshua wat ons Leermeester (Rabbi) is. Daarom skryf Paulus in Rom. 10:4 dat Yeshua, Die Gesalfde Een, is die einddoel van die wet

...want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydigheid en opregtheid aan elkeen wat vertrou, (PWL)

Yeshua is dus die ‘eindbestemming’ van die Torah. Dit is YHVH se ‘GPS’ (*Global Positioning System*) vir die mensdom. Dit is soos om op ‘n reis te gaan en by die eindbestemming aan te kom. Torah is die lig op ons pad en die lamp vir ons voet wat ons op hierdie reis na Yeshua neem (Ps. 119:105).

Eerstens leer Torah ons dat ons ‘n Redder nodig het, want ons staan voortdurend skuldig aan die oortreding van Torah. Dit bring die besef van totale onvermoë om as mens in alle opsigte aan Torah gehoorsaam te wees. Tweedens bring dit die besef dat elkeen daarom voortdurend skuldig staan aan oortreding van YHVH se onderrig en instruksies en daarom strafwaardig is. Derdens skep dit die verlange na ‘n Redder wat hierdie skuld las kan wegneem. Daarom het Paulus aan Timotheus geskryf:

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die Afgesonderde Skrifte (die Tanakh) ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Die Gesalfde Een, Yeshua (2 Tim. 3:14 en 15).

In die lig hiervan kan Joh. 1:46 dan verstaan word: *Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.*

En onthou dan ook in die verband Yeshua se woorde in Joh. 5:46: *Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe.*

Die Torah en die profete bring ons dus na Yeshua wat ons leer dat Hy gekom het om in ons plek die sondeskuld vir ons oortredinge van YHVH se Torah te dra, sodat ons vrygespreek onder die wet as YHVH se geregtigheid in Yeshua kan lewe. **Ons is vrygespreek onder die wet, nie vrygespreek van die wet nie!!**

Opsommend: Torah is Vader-God se onderrig in geregtigheid deur geloof in Yeshua as die Messias, asook die onderrig en instruksies in heiligmaking waarsonder niemand die Koninkryk van God sal sien nie (1 Thess. 4:7; Heb. 12:14). Heiligmaking is ‘n proses wat begin die oomblik van wedergeboorte. Onthou: Wedergeboorte is die ‘ontmoeting’ en heiligmaking is die ‘leer ken proses’. Heiligmaking is die vernuwing van die gemoed om te leer wat die goeie, welgevallige en volmaakte wil van God is (Rom. 12:2). En dit begin by Torah wat die basis van die goeie, welgevallige en volmaakte wil van Vader-God is.

Telkens wanneer ons sondig sal Torah ons weer na Yeshua neem waar daar vergifnis is indien ons met ware berou kom en waar ons weer opnuut onderrig in YHVH se geregtigheid sal ontvang. Deur die Afgesonderde Gees het Yeshua die Lewende Torah vir ons geword – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

In die lig van bogenoemde kan ons nou Yeshua se woorde soos opgeteken is in Matt. 5:17 en 18 beter verstaan:

Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te ontrafel nie. Ek het nie gekom om te ontrafel nie, maar om volledig uit te lê, want dit is waar wat Ek vir julle sê: ‘Totdat die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie een ‘yud’ of een ‘strepie’ van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.’ (PWL).

Die oorhoofse doel wat deur volkome gehoorsaamheid aan die Torah volbring kan word, word nou in Yeshua volbring, naamlik: dat deur volkome gehoorsaamheid aan Torah kan elkeen geregverdig verklaar word. Maar geen mens kan deur onderhouding van die Torah geregverdig word nie. Dit is onmoontlik, want as een gebod oortree word, is dit so goed soos die hele Torah wat oortree word. Daarom word die oorhoofse doel van Torah nou alleenlik deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane eenmalige offer tot vergifnis van sonde volbring. Alleenlik in Yeshua kan ons Torah-gehoorsaam lewe. Wat vir Torah dus onmoontlik was weens die sondige vlees van die mens, is deur Yeshua Messias moontlik gemaak. Paulus verduidelik dit soos volg.

*Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in die Messias Yahshua is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die Torah van die Gees van die lewe in die Messias Yahshua het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Want Elohiem het wat vir die Torah onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die Torah vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen Elohiem is; want dit onderwerp hom nie aan die Torah van Elohiem nie, want dit kan ook nie. Rom. 8:2 tot 7 –
Woord en Getuienis*

Daarom sê Paulus in Rom. 3:31 dat deur geloof word die wet nie opgehef nie, maar wel bevestig. Geloof in Yeshua as Messias bevestig dat ons nie uit eie krag volkome Torah-gehoorsaam kan lewe nie, en bevestig dat Yeshua as eenmalige offer ons sondeskuld gedra het, en bevestig dat alleenlik in Yeshua kan ons volkome Torah-gehoorsaam lewe. In Yeshua word die einddoel van Torah bereik. Dit het ons gebring tot by Yeshua waar ons vergifnis ontvang het vir ons sonde (oortreding van Torah – 1 Joh. 3:4) en dit bring ons steeds na Yeshua wanneer ons as geregverdigdes weens swakheid Torah oortree.

Paulus waarsku egter dat ons nie kan aanhou sondig sodat die genade meer kan word nie. Nee, want in Yeshua het ons nou die sonde afgesterf (Rom. 6:1 en 20). Omrede ons in Yeshua vry is van die aanklag deur Torah, naamlik vry onder die wet is, moet ons ons juis beskikbaar stel om diensknegte van gehoorsaamheid aan Torah te wees – vrygemaak van die sonde moet ons diensbaar aan die geregtigheid wees (Rom. 6:15 tot 18)

Yeshua is ons Torah Leermeester – ons Rabbi. Die dissipels het na Rabbi Yeshua gegaan om hulle te onderrig uit YHVH se Torah. Hy het gekom om Torah te bevestig en dwalinge van die Skrifgeleerdes en Fariseërs reg te stel. Rabbi Yeshua het egter opgevaar na die hemel, maar die Afgesonderde Gees gegee wat in Sy plek as ‘Rabbi’ ons leer en herinner volgens alles wat in Torah geskryf is.

Num. 22:2 tot 19 – Bileam ‘n wêrelds (sekulêre) profeet.

Hy het boodskappers gestuur na Bil’am, die seun van B’or, in P’tor wat naby die Rivier (Eufraat) is, in die land van die seuns van sy volk, om hom te roep en te sê: “Let op, daar het ‘n volk uit Egipte gekom. Let op, hulle het die oppervlakte van die land toegedek en leef oorkant my. Asseblief, kom daarom, vervloek hierdie volk vir my, want hulle is te magtig vir my. Miskien sal ek oorwin en ‘n slag slaan en hulle uit die land verdryf, want ek het opgelet

dat die een wat jy seën, geseënd is en die een wat jy vervloek, vervloek is.” Num. 22:5 en 6 – PWL.

Bileam was ‘n Babiloniër soos afgelei kan word uit die feit dat hy die seun van Beor in Petor by die Eufraatrivier was. Hy was ‘n profeet wat klaarblyklike internasionale erkenning geniet het. Maar die volgende kan egter aangaande Bileam gevra word:

- ❖ Was Bileam ‘n ware of vals profeet?
- ❖ Was hy ‘n profeet wat in waarheid begin het, maar toe later deur gierigheid, selfsug en uit hoogmoed opgetree het?
- ❖ Was hy nie maar net ‘n fortuinverteller en geestesbesweerder nie?
- ❖ Het YHVH in Sy Raadsplan wel vir Bileam gebruik om Israel in YHVH se geregtigheid (regverdige dade) te onderrig soos wat uit Miga 6:5 blyk.

Bileam was egter ‘n vals profeet, want ‘n ware profeet word deur YHVH aangestel en is daarom YHVH se afgevaardigde (verteenwoordiger) met ‘n profetiese woord aan Sy volk (Israel). ‘n Ware profeet bring die boodskap wat in YHVH se hart is sonder om dit te bevraagteken. En dan die mees belangrike is dat ‘n ware profeet tree nooit in eie belang op nie!! Bileam het egter nie voldoen aan die vereistes van ‘n ware profeet nie. Nee, sy eie belange het voorrang geniet!

Ya’acov Natan Lawrence beskryf die bediening van ‘n profeet soos volg:

A prophet is one who hears the word, heart and will – or oracles – of YHVH and accurately transmits what he has heard only to those to whom YHVH has told him to go, and only when and where he has been told to go. If that prophet does not follow YHVH’s specific instructions in this regard, then YHVH will hold him accountable. If he repents for his disobedience (like Nathan the prophet did when he told David to build the Temple, 2 Sam 7:3–17) then he will still remain a prophet before YHVH. If he does not repent, then YHVH considers him to be a false prophet and YHVH’s judgment will come against that false prophet (e.g. Jer 23:9–40)

<http://www.hoshanarabbah.org/pdfs/propheticmin.pdf>

Hierdie definisie maak onderskeid tussen ‘n ware en vals profeet. Indien hierdie saam gelees word met die tweede brief van die Apostel Petrus waar hy na die valse leraars verwys, kry ons meer insae in die karakter van Bileam en bevestiging dat hy ‘n vals profeet is:

Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bileam, die seun van Beor, wat die loon van ongeregtigheid liefgehad het, maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van ‘n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder. Hulle is waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur ‘n stormwind, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word. Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid die wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel. 2 Pet. 2:15 tot 18.

Bileam het die loon van ongeregtigheid (van die bose) liefgehad! Hy is 'n voorbeeld van 'n profeet wat sy eie geregtigheid opgerig het en nie wandel in die geregtigheid van YHVH nie! Bileam dien as 'n voorbeeld en 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het (1 Kor. 10:11). Dit dien as waarskuwing aan ons dat in die laaste dae sal daar ook die vals profete wees wat die waarheid en die leuen meng om dit meer ontvanklik te maak vir die mense. Soos Paulus skryf: *want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede* (2 Tim. 4:3). Bileam se optrede was *more for the profit motive than the prophet motive*.

Nie net het Bileam sy eie belange vooropgestel nie, maar wou hy graag vir Balak tevrede stel. Bileam was dus 'n *people pleaser*, veral as dit vir homself voordelig was. Maar hy was oortuig dat hy getrou aan YHVH was, hoewel hy met sy een voet in die wêreld gestaan het en met sy ander voet in gehoorsaamheid aan YHVH.

Bileam is daarom ook die sinnebeeld van gelowiges wat die geestelike en die vleeslike meng en glo dat hulle YHVH in gees en in waarheid dien.

Volgens *Hitchcock's Bible Names* beteken Bileam *die vernietiger van mense*. 'n Vals profeet is die vernietiger van mense! Hy is nie YHVH se vriend nie en ook nie die vriend van mense nie! YHVH se hartsgesindheid as Redder van mense was nie die hartsgesindheid van Bileam nie en daarom is Bileam die sinnebeeld van die hartsgesindheid van vals profete. Onthou: 'n Ware profeet se boodskap bevat die reddende genade van YHVH, naamlik:

- ❖ Eerstens 'n waarskuwing van die vloeke weens Torah-ongehoorsaamheid en die gevolge daarvan.
- ❖ Tweedens 'n oproep tot bekering, naamlik terugkeer na Torah-gehoorsaamheid.

Dit is die wil (die hart) van YHVH dat alle mense gered moet word en tot die kennis van die waarheid moet kom (1 Tim. 2:3 en 4). Die profeet Jeremia som die hart van YHVH soos volg op:

So spreek YHVH: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie. Ek het ook wagte oor julle gestel en gesê: Luister na die geluid van die basuin.

Maar hulle het geantwoord: Ons wil nie luister nie. Daarom, hoor, o nasies! En weet, o vergadering, wat onder hulle is! Hoor, aarde! Kyk, Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne; want na my woorde het hulle nie geluister nie, en my wet, dié het hulle verwerp. Jer. 6:16 tot 19

Op geen stadium het Bileam hierdie profetiese rol teenoor Balak vervul nie. Nee, Bileam het sy eie belange voorop gestel en was bereid om Israel te vervloek en sodoende sy naam as *vernietiger van mense gestand te doen*, want die waarsêersloon wat hy aangebied was, was baie aanloklik. Aan beide die afvaardigings van Balak het Bileam hom egter voorgedoen as 'n profeet wat YHVH se stem hoor en slegs die dinge sreek wat YHVH hom beveel (Num. 22:13, 18, 38 en Num. 23:12). Daarom het hy aan die eerste afvaardiging gesê: *Gaan na julle land, want YHVH het geweier om my saam met julle te laat gaan* (Num. 22:13). Bileam was egter nie tevrede dat hierdie die finale antwoord van YHVH was nie, en daarom was hy bereid (begerig) om ook na die tweede afvaardiging van Balak te luister en 'n tweede keer by

YHVH te gaan hoor of hy Israel mag vervloek (Num. 22:15 tot 19). Dat Bileam telkens wel net die woorde van YHVH gespreek het is waar, maar dit was nie wat Bileam graag wou doen nie. Nee, hy was heeltemal bereid om Israel te vervloek. Bileam het met sy mond YHVH vereer, maar sy hart was vêr van God verwyder (Matt. 15:8).

Nou kan wel gevra word of dit dan nou regtig verkeerd van Bileam was om twee keer na YHVH met dieselfde versoek te gaan? Leer ons dan nie in die hernieude verbond om aan te hou vra, te soek en te klop nie (Matt. 7:7 en 8)? Het Yeshua dan nie met die gelykenis van die onregverdige regter ons geleer om soos die weduwee aanhoudend te vra nie (Luk. 18:1 tot 8)? Die les om hieruit te leer is dat:

- ❖ Ons moet aanhou vra tot ons 'n antwoord kry. Daardie antwoord moet ons dan as finaal aanvaar en dan nie probeer om YHVH van plan te laat verander deur ons gebede nie. Ons moet onthou dat in YHVH is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). **MAAR**,
- ❖ Dan moet ons ook net dit vra wat met Torah versoenbaar is. Ons kan nie vir dit vra wat teenstrydig met YHVH se Torah is nie!
- ❖ Ons hartsgesindheid, naamlik dit wat ons motiveer om te vra, is uiters belangrik. Vra ons met 'n gesindheid waar Vader-God se vereistes voorop gestel word? Vra ons met 'n opregte bedoeling dat YHVH se wil moet geskied en nie ons wil nie?

Bileam moes die Woord van YHVH onvoorwaardelik geglo het toe YHVH vir hom gesê het om nie die Israeliete te vervloek nie, want hulle is geseënd. Verder moes Bileam geweet het dat volgens Torah is Israel YHVH se uitverkore volk. Waarom dan nog vra of hy YHVH se volk kan vervloek? Bileam was selfsugtig en wou hê dat sy wil moet geskied!

Bepeins of Bespreek

1. Soos reeds genoem was Bileam 'n Babiloniër en daarom is hy ook 'n sinnebeeld van die Babiloniese godsdienststelsel van die einde van dae (Open. 13:11) en waarvan die Vals Profeet die godsdienstige hoof sal wees (Open. 16:13; 19:20 en 20:10). Hierdie Babiloniese godsdienst sal 'n mengsel van die goeie en die bose wees wat ons herinner aan die boom van kennis van goed en kwaad wat Adam en Eva bekoor (mislei) het om af te dwaal van YHVH se weg van waarheid en geregtigheid. In die einde van dae roep YHVH Sy volk om uit hierdie Babilon uit te kom:

En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie. Open. 18:4

Bestaan hierdie Babiloniese godsdienststelsel reeds? Wie en wat is hierdie hedendaagse Babilon? Tot watter mate het jy gehoor gegee om uit haar uit te kom sodat jy nie gemeenskap met haar sondes sal hê nie? Onthou ook Yeshua se waarskuwing van die vals profete (soos 'n Bileam) wat in die laaste dae sal verskyn om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei (Matt. 24:24). Hoeveel ware profete is daar vandag?

2. Slaag ons altyd daarin om 'n ware profeet van 'n vals profeet te onderskei? Is die onderskeid tussen 'n ware profeet en 'n waarsêer (fortuinverteller) altyd duidelik? Die eerste toets is of die boodskap van die profeet in harmonie is met YHWH se Torah, m.a.w. is dit 'n voortsetting van wat reeds deur YHWH se Woord onomwonde gesê is of

is dit die boodskapper se eie woorde? Die profeet se woorde moet dus ooreenstem met Torah, met die Profete, met die Psalms en met die hernieuwe verbond. Maar dit opsigself is nie genoegsame bevestiging van 'n ware profeet nie. 'n Boom word aan sy vrugte geken en daarom is die karakter en hoedanighede van die persoon as te ware bepalend of dit 'n ware profeet is of nie. Is dit nie ondermeer die les van hierdie week se parashah nie?

3. Talle wat bely dat hulle op grond van hulle geloof in die gekruisigde en opgestane Messias gered is, wil al die seëninge van YHVH deelagtig wees sonder om Torah gehoorsaam te wees. Is dit nie 'goedkoop' genade nie?

Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoeffer

Is Open. 12:11 op jou van toepassing, veral die gedeelte wat sê: *en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie!* Is jy 'n lewende, afgesonderde en aan YHVH 'n welgevallige offer (Rom. 12:1)?

4. Talle gelowiges probeer so naby as moontlik aan YHVH lewe sonder om die wêreldse dinge ten volle prys te gee en soos Abraham oor te gaan (*ahvar – cross over*) en 'n Hebreër (*Ivrit*) te word. Abraham het deur geloof wat hom regverdig verklaar het (Gen. 15:6) 'oorgegaan' tot gehoorsaamheid aan YHVH (Gen. 26:4 en 5). Alleenlik diegene wat bereid is om te doen wat Abraham gedoen het, kan aanspraak maak as die nageslag van Abraham en deel in die seëninge van Abraham!
5. Dit is duidelik dat Bileam die stem van YHVH gehoor het en dat hy die woorde van YHVH geprofeteer het en tog is Bileam saam met die Medianiete uitgewis as vyand van God. So ook word Bileam voorgehou as 'n voorbeeld van die valse leraars (2 Pet. 2:15) en word daar na die verleiding van Bileam verwys (Judas 11), asook na hom as 'n struikelblok in die weg van Israel (Open. 2:14). Is Bileam nie moontlik een van diegene na wie Yeshua in Matt. 7:13 tot 24 verwys nie? *Kan Bileam nie ook vra: Maar het ek nie in U Naam geprofeteer nie...!* Dien hierdie nie as ernstige waarskuwing dat hoewel YHVH mense in Sy Raadsplan gebruik, dit opsigself nie noodwendig die bewys is van die gesalfde van YHVH en van redding nie?
6. Hoewel Bileam homself beskou het as iemand *met geopende oë, as die hoorder van God se woorde en wat die Allerhoogste ken* (Num. 24:4, 15 en 16), het 'n donkie meer geestelike insae gehad. Ironies dat Bileam 'n hele volk met sy woorde wou vernietig (vervloek), maar hy benodig 'n stok en 'n swaard om sy donkie tot gehoorsaamheid te dwing en dood te maak!? Hy het woorde vir geweld (dreigemente) verruil. So het 'n donkie die ware Bileam ontbloot en dit nogal in die teenwoordigheid van die afgevaardigdes van Balak!
7. Wat is die leer van Bileam? (2 Pet. 2:15, Judas 1:11, Open. 2:14). Dit is om te verkondig dat Yeshua nie die Messias is nie. Verkondig die kerk die ware Messias? Onthou: Messias moes in alle opsigte voldoen aan wat Moses in Torah geskryf het! Voldoen die kerk hieraan of verkondig hulle 'n Messias wat ons kom vrymaak het van Torah? Bileam kon nie Israel vervloek nie, maar het Balak ingelig oor hoe hy Israel kan "vernietig", naamlik deur ondertrouery sodat hulle deel van afgodediens kan word. Is dit nie wat die kerk verkondig nie? Lees ondermeer Hand. 6:8 tot 15 – die kerk verkondig lasterlike

dinge teen Moses en YHVH (vers 11); hulle doen dit waarvan hulle Stefanus valslik beskuldig het. Dieselfde aanklag is valslik teen Paulus ook gebring.

8. Ons luister dikwels na profesië van mense sonder dat ons kennis het van hulle persoonlike lewens of van die leerstellings wat hulle werklik aanhang. Dit is so dat die Vader enige iemand, gelowig, ongelowig, gehoorsaam of ongehoorsaam, kan gebruik om 'n woord vir ons te gee. Die vraag is egter of 'n mens onder die langtermyn lering van 'n 'Bileam-gees' wil sit? Ons stel onself bloot aan die leraars waarna ons luister en ons laat toe dat hulle ons denke en teologie vorm. Word ons dan nie inderwaarheid deel van die misleiding en sal ons nie saam die misleides ge-oordeel word nie?

Num. 22:12 – Want Hulle is Geseënd.

Toe sê God vir Bileam: Jy mag nie saam met hulle trek nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd. Num. 22:12

Hierdie parashah leer ons dat dit wat YHVH geseën het, kan nie vervloek (*ontseën*) word nie!! Soos Balak kan ons ook vra: *Hoe sal ek vloek wie God nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie YHVH nie verwens nie?* (Num. 23:8). In die verband moet ons die woorde in Num. 23:19 en 20 onthou:

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie? Let op, ek het 'n opdrag ontvang om te seën. Wanneer Hy seën, kan ek dit nie omkeer nie.
(PWL).

YHVH het bepaal dat die wat Israel seën sal geseën word en die wat Israel vervloek sal vervloek word (Gen. 12:3; Num. 24:9). Hierdie is 'n onveranderlike geestelike wet en YHVH is 'n waarmaker van Sy Woord.

Hierdie parashah bevestig ook die mag van woorde, en veral van seëninge en vervloekinge. Ons lees in Spr. 18:21: *Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.* Hiervolgens is dit duidelik dat 'n mens se woorde bepalend is ten opsigte van lewe (seëninge) en dood (vloeke). Die woorde van YHVH is lewend en kragtig (skeppend) (Heb. 4:12 en 13). Ydele woorde is dood (nutteloos, afbrekend) en daarom sal elkeen rekenskap daarvan moet gee (Matt. 12:36). Indien jy jou tong kan beheer kan jy ook jou hele liggam beheer (Jak. 3:1 tot 12).

Bepeins of Bespreek

1. Is ons besig om te vervloek indien ons dit minag wat YHVH geseën het?? YHVH het die Shabbat geseën en dit geheilig!! Wat doen die kerk ten opsigte van Shabbat? Het die kerk nie die Shabbat vervloek deur die vierde gebod te minag nie??!!
2. Lewe jy en ek in so 'n intieme verhouding van gehoorsaamheid met YHVH Yeshua dat die vervloekings van die vyand ons nie enige skade kan aandoen nie? Spreuke 26:2 lees soos volg:

Soos die voëls en die swaweltjies rondvlieg in die lug, so sal die vervloeking sonder oorsaak weggedryf word. (PWL)

Die Good News Bible stel dit nog duideliker: *Curses cannot hurt you unless you deserve them. They are like birds that fly by and never light.*

3. Vergelyk die ooreenkoms tussen die geskiedenis van Bileam en Balak met die hedendaagse Israel en toekomstige gebeure van die eindtye. Vandag is daar baie *Bileams* en *Balaks* wat Israel wil vervloek. Maar wat YHVH geseën het kan nie vervloek word nie!

Num. 24:9 – Die Leeu Wat Gaan Lê Het!

Hy het afgebuig, hy het gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin: wie sal hom opjaag? Geseënd is almal wat jou seën en vervloek is almal wat jou vervloek!" Num. 24:9 – PWL. .

In hierdie week se parashah leer ons ondermeer ook oor die poging van Balak, die koning van die Moabiete, om Israel te vernietig. Hierdie is geskiedenis wat deur al die eeue herhaal word. Hoeveel pogings was daar nie al om Israel te vernietig nie?! Ons leef in die tyd waar die vyande van Israel weereens besig is met planne om YHVH se volk te vernietig.

Daarom kan die hedendaagse Israel ook volgens Num. 24:9 beskryf word, naamlik: *Israel het afgebuig en gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin!* 'n Leeu wat rus het nie afstand gedoen van sy krag en gesag as koning van die diereryk nie. 'n Rustende leeu is maar net 'n sluimerende gevaar wat in een oomblik vanaf sluimerend tot volle aksie van krag en gesag kan oorgaan. Daarom moet hedendaagse Israel ook vergelyk word met Num. 23:24, naamlik:

Let op, die volk staan op soos 'n leeuwyfie en lig homself op soos 'n leeu. Hy sal nie gaan lê voordat hy die prooi verteer het en die bloed van die wat verslaan is, drink nie. (PWL).

Israel is die Leeu wat gaan lê het, maar wat soos 'n brullende leeu sal opstaan en wat soos 'n leeuwyfie haar prooi sal plattrak en verslind!!

Wie is die een wat die leeu en die leeuwyfie sal opjaag? Sy Naam is YHVH Yeshua – die Leeu van Juda wat nie sal gaan lê voordat Hy die prooi – die vyande van YHVH en Israel – verteer het nie! Die weerstand wat Israel se vyande in daardie dag sal bied, kan vergelyk word met die weerstand van die swakste van die diereryk teen die aanval van 'n leeu!

Daarom moet ons, asook al die volke van die wêreld, kennis neem van hierdie Woorde van die Almagtige: *Geseënd is almal wat Israel seën en vervloek is almal wat Israel vervloek!* YHVH-God sal Sy belofte aan Abraham gestand doen, naamlik: *En ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek* (Gen. 12:3). Die Almagtige is nie 'n mens dat Hy sal lieg nie, en daarom sal dit wat Hy sê net so gebeur (Num. 23:19).

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua is ook die Leeu van Juda wat opgestaan het om die sonde en die sondeskuld te verslind van elkeen wat op Hom vertrou as die Messias. Hy het gekom om ons grootste vyand, Satan, te oorwin! *En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel* (Rom. 16:20).

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Miga 5:6 tot 6:8 – Wat vra YHVH van ons?

.... dan sal die wat van Ya'akov oorbly onder baie volke wees soos dou vanaf יהרה, soos reënbuie op plante, wat nie vir die mens wag of vertoef vir die seuns van die mens nie. Die wat oorbly van Ya'akov sal tussen die nasies, onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy verbytrek, vertrap en verskeur en daar is niemand wat red nie. Miga 5:7 en 8 – PWL (5:6 tot 7 – AOV)

In hierdie week se Haftorah sien ons weereens YHVH se onveranderlike liefde vir Sy volk, Israel, maar ook dit wat Hy van hulle vereis. In hierdie profesie verwys Miga na die oorblyfsel van Jakob wat hy vergelyk met dou en reën wat op plante val en vir geen mens wag alvorens groei plaasvind nie. Hierdie is 'n heenwysing na die oorblyfsel van Israel wat Torah gehoorsaam bly (Verwys Deut. 32:2 waar die Torah met dou vergelyk word).

Miga vergelyk hierdie oorblyfsel van Israel ook met 'n leeu onder die diere van die woud. Hierdie is 'n sinnebeeld van hulle wat met die swaard van die Woord van Torah-gehoorsaamheid tussen die nasies met die dapperheid van 'n leeu sal ingaan om YHVH se Koninkryk uit te brei. Dit verwys egter ook profetiese na 'n toekomstige tydperk (die Messiaanse Tydperk?) wanneer Israel nie nodig sal hê om staat te maak op die hulp en ondersteuning van enige ander land nie! Israel sal die oorhand hê en al sy vyande sal uitgeroei wees. Maar ook in hierdie tyd sal Israel gereinig en geheilig word van alle afgodery, towery en goëlery (Miga 5:6 tot 14).

Dan roep Miga vir Israel op tot 'n vergadering met YHVH wat 'n aanklag teen hulle het.

Hoor nou wat יהרה sê: "Staan op, pleit jou saak voor die berge en laat die heuwels jou stem hoor. Luister, julle berge, na die aanklag van יהרה en julle standvastige fondasies van die aarde, want יהרה het 'n saak teen Sy volk; Hy sal selfs met Yisra'el verskil. Miga 6:1 en 2 – PWL

Hierdie gesprek (regsgeding) begin met YHVH wat vra: *My volk, wat het Ek aan jou gedoen en hoe het Ek jou vermoei? Antwoord My!* (Miga 6:3). Hierop volg 'n lys van hoe YHVH in Sy liefdevolle genade Israel verlos en beskerm het en hoe daar in al hul behoeftes voorsien was. YHVH herinner Israel ook aan Sy beskerming teen Bileam en Balak (Miga 6:5).

Israel se reaksie hierop is 'n lewensles wat ons elke dag in ons geloofslawe moet toepas:

Waarmee sal ek na יהרה toe kom en my neerbuig voor die God daar bo? Sal ek na Hom toe kom met brandoffers, met kalwers in hul eerste jaar? Skep יהרה behae in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my rebelse dade, die vrug van my liggaam vir die sonde van my lewe? O mens, Hy het aan jou verklaar wat goed is en wat vra יהרה anders van jou as om regverdig te oordeel, goedheid lief te hê en nederig saam met jou God te loop? Miga 6:6 tot 8 – PWL.

Vader-God vra van ons drie dinge:

- ❖ 'n Regverdige oordeel. Dit behels om elke mens regverdig te behandel soos wat jy graag self behandel wil word. Hierdie regverdige oordeel moet ons doen in die lig daarvan dat elke mens deur YHVH geskape is en YHVH staan altyd tussen ons en die mens wat ons oordeel. Lees Matt. 7:12, Mark. 12:31; Rom. 13:10 en 1 Joh. 3:11 tot 18.
- ❖ Om goedheid lief te hê. Die Hebreeuse woord vir *goedheid* in hierdie teksvers is *chesed* wat *liefdevolle goedhartigheid (welwillendheid)* beteken. Verwys Jak. 1:27.

- ❖ Om in nederigheid saam met Hom te wandel. Rabbi Phinehas ben Yair skryf in die verband die volgende: *Holiness leads to humility; humility leads to the fear of sin; fear of sin leads to saintliness; saintliness leads to the Holy Spirit.* Liefde en nederigheid is altyd direk aan mekaar verbind: Hoe meer liefde, hoe meer nederigheid, en hoe meer nederigheid, hoe meer liefde. Indien die een vermeerder sal die ander een ook vermeerder! Lees Spr. 16:19, Matt. 18:4; Matt. 23:12; Jak. 4:10 en 1 Pet. 5:6.

Bespreek of Bepains

1. In hierdie Haftorah sien ons dat YHVH se aanklag teen Israel eerder in 'n liefdevolle vermaning eindig. Is dit weens Israel se gesindheid soos ons in verse 6 tot 8 lees of is die antwoord eerder in vers 5 te vinde.

My volk, onthou nou wat Balak, koning van Mo'av beplan het en wat Bil'am, die seun van B'or, hom geantwoord het, vanaf Sheetim tot by Gilgal sodat jy die onpartydige en opregte dae van יהוה kan ken. (PWL)

2. Dien hierdie nie as 'n herinnering van YHVH se onvoorwaardelike liefde vir Israel nie? Is dit nie die bewys dat YHVH nie sal toelaat dat 'n vloek wat oor Sy volk uitgespreek is, waar sal word nie? Bileam was immers bekend met Israel se 'foute' en het gehoop dat YHVH daarom sal toelaat dat hy Israel mag vervloek. Omrede YHVH Sy volk onvoorwaardelik liefhet, soos 'n Vader sy kind, sal Hy Israel oordeel en sal Hy Israel tugtig, maar sal Hom nie deur 'n mens laat voorskryf nie. Dieselfde geld ten opsigte van ons, want ons is ook deel van Israel! Ons is Vader-God se kinders en Hy sal elkeen wat Hy liefhet tugtig. YHVH bly die getroue Vader al is ons dikwels die ontroue en ongehoorsame kind.

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom tot volgende keer.

Johan

Epos: kontak@nuweliied.info

Webwerf: <http://www.nuweliied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.